



Hoe kan etiek in die dekades wat kom in 'n globaliserende wêreld lyk? Hoe kan dit moontlike nuwe probleme en uitdagings hanteer?

Die volgende gedagtes vind sterk aansluiting by die teoloog Martin Prozesky se artikel "Tomorrow's Ethics in a Globalizing World", waarin hy die klem laat val op vyf belangrike oorgange tot toekomstige etiese praktyke.

Van 'n etiek van gehoorsaamheid tot 'n etiek van kreatiewe morele toewyding

Die gedagte van onderdanigheid aan 'n heerser kom van ver. Ons tref dit reeds in die Babloniese regscode van koning Hammoerabi aan, ongeveer 1800 v.C.

As jy reg wou doen, moes jy aan die koning gehoorsaam wees, wat op sy beurt weer deur die gode of Godheid bemagtig is. Die mens raak egter toenemend ongemaklik om bloot gehoorsame pionne in ander se magspel te wees.

Eintlik word hierdie lewe ten diepste nie regeer deur magshebbers en despote nie, maar deur die krag van kreatiewe denke wat in 'n meerdere of mindere mate tot ons elkeen se beskikking is.

Hierdie van "bo-af"-magsbenadering het goed gewerk toe mense nog afgeleë gewoon en ongeletterd was. Maar die einde van hierdie styl word toenemend gesien in onder meer die politiek en ekonomie waar mag en oordrewe rykdom in die hande van enkeles uitgedaag word - soms met geweld.

Van mikro-etiese besorgdheid tot 'n makro-etiese verantwoordelikheid

Hierdie oorgang het te doen met 'n skuif van wat reg is op interpersoonlike vlak en klein skaal - soos om die waarheid te praat en deernis te hê - tot die makro-vlak of groot skaal waar iets soos armoede uitgedaag word.

Hiermee word nie bedoel dat daar weggetree word van waardes op mikro- of persoonlike vlak nie. Dit bly noodsaaklik om op mikrovlak karakter te bou, maar in die proses besef ons toenemend hoe kompleks die wêreld is en dat ons ook op die groter kwessies moet fokus.

Ons kan nie meer verantwoordelikheid net vir ons eie klein private ruimtes aanvaar nie. Ons leef immers in 'n era van inligting en kennis wat mens voortdurend bewus maak van al die makrokragte wat in die wêreld aan die werk is.

In die lig hiervan word daar byvoorbeeld besef dat vroue gelyk aan mans is, dat sekere politieke besluite en strukture nie eerbaar en billik teenoor almal is nie, dat kapitalisme nie noodwendig eties is omdat kommunisme misluk het nie. En hierdie soort makro-etiek doen alles in sy vermoë om onderdrukking, euwels en uitbuitende oorheersing te ontmasker.

Etiese kritiek teen groter strukture is nie nuut nie, wat wel egter uitdagend is, is hoe radikaal en kompleks die ontmaskering en korrigerende van hierdie makro-sondes is!

Van 'n "plaaslike" waardestelsel tot 'n samewerkende wêreldwye etiek

Hier gaan dit, om Prozesky se woorde te gebruik, oor 'n "kulturele geografie van etiek".

Daar is gebiede waar 'n sekere etiese tradisie baie sterk geld, byvoorbeeld die Hindoe-etiek in Indië, en die Christelike etiek in Europa.

Baie lank gelede was daar 'n klomp etniese gemeenskappe, onmiskenbaar gekenmerk deur taal, godsdiens, kul-



G'n pionne meer; ons kyk breër

Wie gaan in die toekoms oor etiese kwessies beslis, en hoe gaan hulle dit doen, vra **Chris Jones**.

tuur en familieverband. Afstand en geografiese grense, asook vyandigheid het hulle van mekaar weggehou.

So 2 500 jaar gelede het dit begin verander. In Asië, China en in die antieke Israel en Griekeland het individue na vore gekom wat etniese en ander gevestigde grense oorgesteek het.

Hierdie profete of ligdraers het gewys dat mense se eiesoortige tradisies, simbole en rituele oorstyg kan word en dat mense oor grense heen saam kan funksioneer. Dit het aanleiding gegee tot trans- of kruiskulturele etiese en geestelike tradisies.

Die gevolg hiervan was dat dit uitgewys het dat die uitdagings van 'n globale wêreld nie (noodwendig) deur 'n "plaaslike of streekswaardestelsel" doeltreffend hanteer kan word nie.

Globalisering maak van die wêreld een groot "land" wat sy eie nuwe en belangrike uitdagings bring, soos besoedeling en klimaatverandering. Hiervoor moet 'n wêreldetiek gevestig word met 'n sterk stel kernwaardes waarmee hierdie uitdagings aangepak kan word.

Van 'n Westers-gegronde filosofie tot 'n multidisziplinêre benadering

Gewoonlik word moraliteit gesien as geanker in die Westerse filosofie en/of godsdiens. Uiteraard moet albei hierdie dissiplines voortgaan om die etiek van die toekoms te verryk, maar die wêreld is groter en breër as 'n spesifieke godsdiens en selfs filosofie.

Hierom moet verskillende kulture en godsdiens dienste in 'n verhouding of vennootskap kom wat gesamentlik 'n wêreldwye etiese raamwerk daar kan stel waar vennote en hul akademiese bydra-

es verreen word. Ook die kennis van natuur- en sosiale wetenskappe moet deeglik in ag geneem word.

Dissiplines soos die neurobiologie, mediese ingenieurswese, sielkunde en fisika sal van kernbelang hierin wees. Al hierdie dissiplines - saam met die filosofie en teologie - kan mens help om die morele natuur van die mens beter te verstaan en internasionale euwels soos armoede, korrupsie, klimaatverandering en allerlei uitbuiting te hanteer.

Van 'n uitsluitlike afhanklikheid van godsdiens tot 'n samewerkende etiese onafhanklikheid

Dit is so dat godsdiens 'n belangrike draer van moraliteit is, maar die wêreldwye etiek wat ons gaan benodig, kan nie op 'n (spesifieke) religieuse fondament rus nie.

Wie se godsdiens gaan in elk geval die belangrikste rol vervul?

Hoe belangrik godsdiens en geloof ook al vir individue en nasies is, 'n toekomstige wêreld sal 'n wêreldwye etiese stelsel benodig - onafhanklik van 'n spesifieke godsdiens.

Dit beteken nie dat daar van godsdiens ontslae geraak moet word nie. Altermans. Ons gaan in 'n wêreldetiek net soveel moontlik verskillende komponente en vennote benodig, wat sensitief teenoor die ander se oortuigings en beskouings is, maar terselfdertyd besef dat hierdie vernielde planeet van ons primêr nie 'n spesifieke religieuse moraliteit nie, maar 'n samewerkende internasionale etiek benodig.

■ **Dr. Chris Jones is verbonde aan die Sentrum vir Morele Leierskap aan die Universiteit Stellenbosch.**